12 September 2021

FAMILIE TUISBLAD

Jakobus 3:1-5

Die impak van woorde
Ek wonder hoeveel van julle het vroeër vanjaar die storie gesien van die skip wat vasgesit het in die Suez-kanaal, daar by Egipte? Die Ever Given het skuins in die kanaal gaan vassit nadat stormsterk winde die stuur van die yslike skip moeilik gemaak het. Die man wat die skip gestuur het, het vinniger gevaar om van die wind se effek te verminder, maar die spoed het ook veroorsaak dat die skip baie langer vat om van rigting te verander as gewoonlik. Kort voor lank het die wind en die spoed gemaak dat die Ever Given skuins in die kanaal vasgesteek het en die kanaal vir 6 dae tot stilstand gebring het.

Jesus se volgeling, Jakobus, skryf aan 'n klomp ander volgelinge van Jesus dat ons woorde ons lewens stuur, net soos 'n groot skip. Die woorde wat jy gebruik, kan maak dat jou lewe vorentoe gaan of gaan vassteek.

Lees: Jakobus 3:1-5 Beheersing van die tong (lees dit ook in die Boodskap vertaling https://bible.com/bible/50/jas.3.1-5.DB)

Gesels:

- Watter 3 beelde gebruik Jakobus om die impak van woorde te verduidelik en hoekom dink jy gebruik hy dié beelde? Kan julle aan nog beelde dink?
- Vertel van 'n keer toe die woorde wat mense vir mekaar gesê het dinge beter of slegter gemaak het?
- Hoe kan woorde op sosiale media soos 'n vuur wees?
- Laat elkeen in die huis sê watter woorde hulle help.

Bid: Seën mekaar en bid vir mekaar met woorde wat lewe gee en opbouend is.

Doen: Skryf die woorde wat julle hier bo genoem het op 'n papier en plak dit op 'n plek waar julle dit almal kan sien en kan onthou om te gebruik.

Reis verder hierdie week met die **DinkJeug Familie App** en luister saam na die 5 minute familie oordenkings wat telkens 'n storie, teks, gespreksvrae, 'n gebedswenk, en 'n doen idee insluit.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za